# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

**Paper 0548/01**
**Reading and Writing**

## Kernboodskappe

Ten einde goed te vaar in **Oefening 1** moes leerders:

- die teks met begrip lees
- verstaan wat in elke vraag van hulle verwag word
- inligting in die teks identifiseer, en
- die vrae verstaanbaar, bondig en doeltreffend in Afrikaans beantwoord.

Ten einde goed te vaar in **Oefening 2** moes leerders:

- die teks met begrip lees
- verstaan wat van hulle verwag word, en
- inligting uit die teks akkuraat en doeltreffend op die vorm oordra.

Ten einde goed te vaar in **Oefening 3** en **4** moes leerders:

- die teks met begrip lees
- die opdragte verstaan
- relevante inligting in die teks identifiseer
- bondige aantekeninge onder gegewe hofies maak (**Oefening 3**)
- inligting oor ’n aspek van die teks opsom (**Oefening 4**), en
- die opsomming in een paragraaf van hoogstens 80 woorde en hoofsaaklik in hulle eie woorde skryf (**Oefening 4**).

Ten einde goed te vaar in **Oefening 5** en **7** moes leerders:

- die opdrag verstaan
- sinvol en doeltreffend op die opdrag reageer
- hulle verstaanbaar en doeltreffend in Afrikaans uitdruk
- punktuasie, sinne en paragrawe doeltreffend gebruik
- die drie aspekte van die opdrag in hulle brief dek (**Oefening 5**)
- hulle mening van die gegewe onderwerp bespreek (**Oefening 7**), en
- die gepaste toon en formaat vir hulle skryfstuk gebruik.

Ten einde goed te vaar in **Oefening 6** moes leerders:

- die teks met begrip lees
- verstaan wat in elke vraag van hulle verwag word
- die toepaslike inligting in die teks identifiseer
- slegs die relevante inligting in hulle antwoorde verskaf
- antwoorde gee wat sinvol op die vrae volg, en
- die vrae duidelik, bondig en doeltreffend in Afrikaans beantwoord.

## Algemene kommentaar

### Oefening 1

Dit is ’n begripsoefening waarin leerders se soekleesvaardighede aan die hand van ’n kort teks getoets word. Hulle beantwoord die vrae in enkele woorde of sinsdele.


© 2021

- Leerders moet herinner word dat die antwoord logies op die vraag moet volg: Sommige leerders verbeur punte deur sinne direk uit die teks neer te skryf en te hoop dat die antwoord êrens daarin skuil. Hierdie tegniek lei dikwels daartoe dat ’n antwoord ongeldig is omdat die onnodige inligting nie logies op die vraag volg nie.
- Leerders moet herinner word dat hulle kort antwoorde mag (en verkieslik moet) skryf.
- Hulle moet genoeg inligting verskaf om te wys dat hulle die vrae verstaan.
- Hulle moet die vrae deeglik lees sodat hulle akkurate antwoorde kan skryf.
- Hulle moet hulle elke keer afvra of die antwoord wat hulle neerskryf werklik die vraag beantwoord.
- Antwoorde moet met ’n hoofletter begin en met ’n punt eindig.
- Leerders moet besef dat die ruimte wat vir antwoorde verskaf word, genoeg is vir iemand met ’n normale grootte handskrif.
- Die vrae moenie in die antwoorde herhaal word nie. Hierdie keer was daar meer leerders wat dit wel gedoen het. Dit is onnodig en mors tyd.

**Oefening 2**

Hierdie oefening fokus op die oordra van inligting. Leerders gebruik inligting uit ’n gegewe teks om ’n vorm in te vul. Enkele woorde, sinsdele en soms ’n volsin word ingevul.

- Leerders moet besef dat hulle die vorm namens die persoon wat beskryf word, invul. Waar nodig, moet hulle dus in die eerste persoon antwoord.
- Leerders moet herinner word om die hoofletter aan die begin van maand- en straatname duidelik aan te dui.
- Hulle moet ook herinner word dat hulle in die adres slegs die ontbrekende inligting moet neerskryf – die pleknaam en poskode staan reeds daar en moet dus nie herhaal word nie.
- Leerders moet herinner word om adresse en datums korrek neer te skryf, want slegs as dit perfek neergeskryf is, word ’n punt toegeken.
- Indien leerders veronderstel is om een opsie neer te skryf of af te merk, en meer as een aandui, verbeur hulle die punt, want dit maak hulle antwoord verkeerd.

**Oefening 3**

Leerders gebruik inligting uit ’n gegewe teks om aantekeninge onder opskrifte te maak.

- Leerders moet onthou dat hulle verkieslik notavorm/telegramstyl moet gebruik en geensins volsinne hoef te skryf nie. Hulle antwoorde moet egter sinvol onder die gegewe hofies pas.
- Leerders moet beslis nie (lang) sinne woordeliks uit die teks neerskryf nie. Dit moet duidelik wees dat hulle die teks verstaan en inligting kan uitkies en verwerk.
- Die ander uiterste is ook nie aanvaarbaar nie: Waar dit in **Vraag 9** aanvaarbaar was om byvoorbeeld slegs ‘duiker’ of ‘veearts’ as antwoorde te gee, het al die ander antwoorde kort sinne vereis.
- Leerders moet besef dat die ruimte wat vir antwoorde verskaf word, genoeg is vir iemand met ’n normale grootte handskrif.

**Oefening 4**

Leerders maak ’n opsomming oor ’n aspek van dieselfde teks wat in **Oefening 3** gebruik is. Oor die algemeen vind leerders die opsomming steeds moeilik. Dit is belangrik dat leerders die instruksies noukeurig uitvoer: één paragraaf van hoogstens 80 woorde.

**Oefening 5**

Leerders skryf ’n vriendskaplike brief van 150 tot 200 woorde gebaseer op ’n onderwerp met drie spesifieke riglyne.

- Leerders word herinner dat hulle die gegewe drie riglyne in hulle skryfstukke moet dek. Hierdie riglyne kan as die hoofgedagtes van drie paragrawe dien.
- Leerders moet aangemoedig word om reeds in die eerste paragraaf met die onderwerp te begin. Die trefkrag van ’n goeie openingsparagraaf kan nie oorskat word nie.
- Leerders moet herinner word om ongeveer 150 tot 200 woorde te skryf. Te kort skryfstukke gee nie ’n bevredigende beeld van hulle skryfvermoë nie en stel hulle nie in staat om die onderwerp ordentlik te dek nie.


© 2021

- Alhoewel briewe wat te lank is volledig gelees word, gebeur dit gewoonlik dat leerders wat te lank skryf, hulleself penaliseer omdat hulle briewe dan dikwels nie ’n hegte struktuur het nie. Hulle sukkel dan ook dikwels om genoeg tyd vir hulle tweede skryfstuk te beplan.
- Dit is belangrik dat reëls tussen paragrawe oopgelaat moet word – daar word genoeg ruimte vir die skryfstuk verskaf.
- Behalwe die algemene foute wat tweede- en derdetaalsprekers tipies begaan en moet probeer vermy, moet leerders aandag gee aan die gebruik van leestekens (veral die komma voor ‘want’ en ‘maar’ en tussen gesegdes, en die punt aan die einde van sinne), hoofletters (veral aan die begin van ’n sin), en woordorde na voegwoorde soos ‘dat’ en ‘omdat’.
- Engelse woorde en uitdrukkings word geïgnoreer.

**Oefening 6**

In hierdie leesbegrip beantwoord leerders kortvrae oor ’n teks. Die vrae word hoofsaaklik in volsinne beantwoord.

- Leerders moet die regte manlike en vroulike voornaamwoorde met betrekking tot die persone in die teks te gebruik.
- Leerders wat gedeeltes in die eerste persoon direk uit die teks oorskryf, verbeur die punt.
- In hierdie oefening moet leerders nie in telegramstyl probeer antwoord nie. Dit is nie soos **Oefening 1** en **Oefening 3** waar volsinne nie altyd nodig is nie. Die vrae in hierdie oefening vereis gewoonlik volsin-antwoorde waarin leerders idees volledig moet uitdruk.
- Leerders wat vrae in hulle eie woorde beantwoord, toon werklik begrip.
- Sommige leerders verbeur punte deur hele sinne direk uit die teks neer te skryf en te hoop dat die antwoord êrens daarin skuil. Punte word slegs toegeken as die antwoord logies op die vraag volg en die vraag korrek beantwoord.
- Leerders moet besef dat die ruimte wat vir antwoorde verskaf word, genoeg is vir iemand met ’n normale grootte handskrif.
- Die vrae moenie in die antwoorde herhaal word nie.
- Antwoorde moet met ’n hoofletter begin en met ’n punt eindig.

**Oefening 7**

Leerders skryf ’n artikel van 200 tot 250 woorde vir die skoolkoerant. Hulle gee hulle eie mening oor ’n onderwerp nadat hulle na ses menings oor die onderwerp gekyk het.

- Leerders moet aangemoedig word om aandag aan die bou van hulle skryfstuk te gee:
    - Begin met ’n doeltreffende inleidende paragraaf waarin hulle reeds hulle standpunt oor die onderwerp stel.
    - Die liggaam van die skryfstuk bestaan uit paragrawe wat logies op mekaar volg, met skakelwoorde verbind is en progressief ontwikkel.
    - Die slotparagraaf sluit die berig netjies af.
- Die taalgebruik en register moet by die teikenleser en die opdrag pas.
- Daar is leerders wat een of meer bekende idiome leer om in hulle skryfstukke te gebruik. Leerders moet herinner word dat dit slegs doeltreffend is as die uitdrukkings natuurlik binne die konteks pas.
- Daar word nie van leerders verwag om in kolomme te skryf nie en hulle moet dit verkieslik nie doen nie omdat hulle werk dan dikwels moeilik leesbaar is.

Sien ook die lys bo by Oefening 5.

<u>**Kommentaar op spesifieke vrae**</u>

**Oefening 1**

**Vraag 1**

Die meeste leerders het hierdie vraag reg beantwoord. Diegene wat in plaas van net ‘suiker’ of ‘Die suiker’ die hele sin waarin die antwoord voorkom, oorgeskryf het, het die punt verbeur omdat dit die fokus van die antwoord verander het; hulle antwoord het nie die vraag doeltreffend beantwoord nie.


© 2021

**Vraag 2**

In hierdie vraag moes leerders die gemeenskaplike bestanddeel in appels en springmielies identifiseer. Die meeste leerders het dit reg beantwoord.

**Vraag 3(i)** en **(ii)**

Talle leerders het beide hierdie vrae reg beantwoord. Indien slegs een van die antwoorde reg was, is een punt toegeken.

**Vraag 4**

Alhoewel baie leerders goed in hierdie vraag gevaar het, het heelwat die punt verbeur deur 'net 'n klein bietjie vullend' direk uit die teks neer te skryf, wat nie 'n logiese antwoord was nie – hulle het dit laat klink asof droëvrugte en neute net effens vullend is, terwyl hulle moes aandui dat net 'n klein hoeveelheid droëvrugte en neute vullend kan wees. Leerders moet daaraan herinner word dat hulle antwoord logies op die vraag moet volg.

**Vraag 5**

In hierdie antwoord moes leerders noem dat jy moet oplet dat jy nie te veel eet nie of dat droëvrugte en neute hoog in kalorieë is. Leerders wat slegs na óf neute óf droëvrugte verwys het (bv. 'Neute is hoog in kalorieë'), het nie die punt gekry nie omdat hulle antwoord droëvrugte én neute moes dek.

**Vraag 6**

Leerders moes weer 'n ooreenkoms identifiseer: albei bevat min kalorieë. Sommige leerders het die sin 'Eiers is laag in kalorieë en hoog in proteïene' direk uit die teks neergeskryf, wat verkeerd was, omdat net die eerste deel van die sin geldig vir beide appels en eiers is.

**Vraag 7**

Talle leerders het korrek aangedui dat eiergeel nie jou cholesterol beïnvloed nie, terwyl ander verkeerdelik geantwoord het dat eiers sleg vir jou cholesterol is.

**Oefening 2**

**Vraag 8**

Talle leerders het die vorm goed ingevul.

**(i)** Die meeste leerders het hierdie punt gekry. Enkele het 'Bergsig Hoërskool' of net 'Bergsig' geskryf, en sodoende die punt verbeur. Daar was ook 'n klompie wat 'Bergsig' sonder die middelste g geskryf het.

**(ii)** Slegs enkele leerders het nie die punt gekry nie, hoofsaaklik omdat hulle die datum op hulle eie manier geskryf het, nie die jaartal geskryf het nie, of 'gebore' ná die datum geskryf het.

**(iii)** Dit is verblydend dat baie min leerders die adres verkeerd neergeskryf het. Party leerders het die naam van die dorp en die poskode na die straatadres geskryf, en sodoende die punt verbeur. 'n Klein groepie het die skool se adres in plaas van die huisadres geskryf.

**(iv)** Die meeste leerders het hierdie punt gekry.

**(v)** Die meeste leerders het hierdie punt gekry. Leerders wat byvoorbeeld 'diere' (die regte antwoord) én byvoorbeeld 'kos' (verkeerd) gekies het, het die punt verbeur omdat dit die antwoord verkeerd gemaak het.

**(vi)** Alhoewel baie leerders die 'Tydskrif/Koerant' korrek gekies het, het verskeie die tweede deel van die antwoord uitgelaat of verkeerd beantwoord.


© 2021

**(vii)** Leerders wie se antwoord logies op die vraag gevolg het, het die punt behaal. Diegene wat byvoorbeeld net 'tablet', '(om) 'n tablet te koop' of 'gebruik om 'n tablet te koop' geskryf het, se antwoord het nie die vraag logies beantwoord nie. Die beste antwoord was: 'Ek spaar dit om 'n tablet te koop'.

**(viii)** Baie leerders het hierdie punt gekry. Leerders wat 'Sy wil 'n veearts word' i.p.v. 'Ek wil 'n veearts word' geskryf het, het die punt verbeur.

**Oefening 3**

Die leerders wat goed in hierdie oefening gevaar het, het verstaan wat in elke onderafdeling van hulle verwag is.

**Vraag 9**

Die meeste leerders het twee punte behaal.

**Vraag 10**

Hier moes leerders telkens die soort besoedeling (bv. plastiek) en die soort besering/gevolg (bv. breinskade) noem. Sommige leerders het nie volledig genoeg geantwoord nie en sodoende punte verbeur.

**Vraag 11**

Die meeste leerders het goed gevaar.

**Oefening 4**

**Vraag 12**

Die meeste leerders het hierdie oefening redelik goed voltooi. In swakker antwoorde het kandidate hoofsaaklik twee foute begaan:

- Hulle het op die verskillende soorte werkers by die akwarium gefokus, en nie op die akwarium se belangrike werk nie
- Hulle het 'n reeks sinne of sinsdele direk uit die teks neergeskryf. Leerders wie se hele opsomming 'n woordelikse herskryf van sinne en sinsdele uit die teks is, verdien hoogstens een punt. (Sien die kriteria in die tabel in die nasienskema.)

**Oefening 5**

**Vraag 13**

- Die meeste leerders het doeltreffend oor die onderwerp geskryf en die drie onderafdelings goed gedek.
- Die leerders wat die beste gevaar het, het die brief met 'n gepaste aanhef begin, die drie onderafdelings in drie paragrawe gedek en daarna met 'n gepaste slot geëindig.
- Goeie briewe is verder gekenmerk deur 'n entoesiastiese inslag en 'n redelik informele geselstoon.
- Leerders wat geskryf het oor 'n kuier wat reeds plaasgevind het, hoe 'n maat by hulle gaan kom kuier of oor hoe hulle en 'n maat iewers gaan kuier, het 'n swak punt (gedeeltelik relevant) vir inhoud gekry.
- Leerders moet herinner word dat hulle nie hulle adres bo-aan die brief hoef te skryf nie. Heelwat leerders skryf dit wel, maar dit word geïgnoreer.
- Die manier waarop 'n brief begin en eindig – die aanhef en slot – verdien aandag. Sommige leerders skryf 'Deer/Dear' in plaas van 'Beste' of 'Liewe'. Party leerders eindig die brief ook na die laaste paragraaf.
- Daar was weer 'n verbetering in leerders se paragrafering. 'n Minderheid het die hele brief in een paragraaf geskryf.
- Die gebruik van hoofletters en leestekens benodig steeds aandag.
- Daar is leerders wat duidelik 'n paar bekende idiome (bv. die aap is uit die mou) leer om in hulle skryfstukke te gebruik. Leerders moet herinner word dat dit slegs doeltreffend is as die uitdrukkings natuurlik binne die konteks pas.

Vaste uitdrukkings met voorsetsels wat leerders behoort te ken:


© 2021

skryf oor iets
skryf aan iemand
sien uit na iets
bestee geld op/aan
stel belang in iets
gaan na 'n plek
is trots op
is tevrede met
bly by die huis
gesels met iemand
gee om vir iemand/iets
hou van iets/iemand
is opgewonde oor
kuier by iemand
is kwaad vir iemand
is lief vir iets/iemand
luister na musiek
kyk na 'n fliek
na my mening
verlang na iemand

Afrikaanse plekname wat leerders behoort te ken:

Suid-Afrikaanse name soos Suid-Afrika, Kaapstad, Johannesburg
Name van plekke/besienswaardighede soos Tafelberg, Wieg van die Mensdom, Krugerwildtuin, Robbeneiland, Botaniese Tuin, dieretuin
Internasionale plekname soos Londen, Engeland, Parys, Frankryk, Amerika, Kanada

**Oefening 6**

**Vraag 14**

Talle leerders het hierdie punt gekry. Hulle moes noem dat Miriam se broer haar gevra het om te sing wanneer sy vriende kom kuier het.

**Vraag 15**

**(i)** en **(ii)** Die meeste leerders het hierdie punte behaal. Antwoorde soos 'Sy kon sy eie huis huur' en 'Sy kon sy ma finansieel help' in plaas van 'Sy kon haar eie huis huur' en 'Sy kon haar ma finansieel help' was verkeerd.

**Vraag 16**

Baie leerders het hierdie punt gekry. Hulle moes spesifiek noem dat mense by Miriam se ma wou weet hoe sy haar dogter kon toelaat om op 'n verhoog op te tree. Sommige leerders het verkeerdelik geantwoord dat mense wou weet hoe sy 'dit' kon toelaat.

**Vraag 17**

Leerders moes na twee voorbeelde verwys en die meeste was suksesvol.

**Vraag 18**

Baie leerders het die punt verbeur omdat hulle geantwoord het dat Miriam die eerste Afrika-kunstenaar was wat suksesvol in Amerika was. In die teks staan daar egter dat Makeba 'anders' was, wat haar krag was.

**Vraag 19**

Baie leerders het hierdie punt gekry. Leerders wat die Engelse *passport* in plaas van 'paspoort' geskryf het, het egter die punt verbeur.

**Vraag 20**


© 2021

**(i)** en **(ii)** Die meeste leerders het hierdie vrae reg beantwoord. Die vraag het spesifiek gevra wat vir Miriam welkom laat voel het nádat sy terug in Suid-Afrika was, daarom is die verwysing na Mandela nie aanvaar nie. Manlike in plaas van vroulike persoonlike en besitlike voornaamwoorde en die gebruik van die eerste persoon (bv. 'Ek is soos 'n held op die lughawe ontvang') is nie aanvaar nie.

**Oefening 7**

**Vraag 21**

- Vir hierdie antwoord het sommige leerders verskillende menings oor aanlyn skool beskryf, maar nie genoeg oor hulle eie mening geskryf nie. Hulle word daaraan herinner om goed te kyk na wat die onderwerp vereis: 'Skryf 'n artikel vir die skoolkoerant waarin jy <u>jou</u> mening oor aanlyn skoolgaan bespreek.'
- Sommige leerders herhaal slegs die ses uitsprake wat gegee word en lewer kommentaar daarop.
- Sommige leerders het verkeerdelik slegs een van die ses gegewe uitsprake as onderwerp gekies en net daaroor geskryf, wat hulle punte benadeel het.
- Dit was duidelik dat die skryf van 'n doeltreffende inleidende paragraaf aandag verdien. Sommige leerders val weg met waarom hulle saamstem of nie sonder om duidelik te stel waarmee hulle saamstem of nie saamstem nie.
- Sommige leerders het nie 'n doeltreffende slotparagraaf geskryf nie. As gevolg daarvan het hulle artikels stomp geëindig.
- Sommige leerders het nie lank genoeg geskryf nie, wat 'n negatiewe uitwerking op hulle punte gehad het omdat hulle die onderwerp dan nie goed genoeg gedek het nie. Kandidate moet onthou dat hierdie skryfstuk langer as die een in **Oefening 5**.


© 2021

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

**Paper 0548/02**
**Listening**

## Algemene kommentaar

Kandidate wat goed gevaar het se antwoorde wys dat hulle die gesproke taal doeltreffend verstaan, gepas daarop kan reageer, en die korrekte gevolgtrekkings kan maak.

Daar was bewyse van goeie eksamentegniek wat hierdie jaar deur kandidate gebruik is bv. om die korrekte afleidings uit die luistertekste te kan maak. In sommige gevalle moet dit egter effektiewer gedoen word, aangesien sommige kandidate geneig is om alle woorde wat hulle hoor te onderstreep of neer te skryf en nie genoeg te fokus op die betekenis van wat hulle hoor nie.

Oor die algemeen was daar minder gevalle van handskrif wat onleesbaar was hierdie jaar. Kandidate moet egter wel 'n pen gebruik, nie 'n potlood nie, en net antwoorde doodtrek wat verander moet word. Kandidate moet nie hul aanvanklike antwoorde weer oorskryf nie, aangesien dit tydens skandering die sigbaarheid van die woorde negatief beïnvloed.

Kandidate se vermoë om aan te dui wat hulle finale antwoord is, het verbeter, veral wanneer hulle hul eerste verkeerde poging netjies doodgetrek en hul finale antwoord duidelik geskryf het. By **Oefening 2** het dit ook selde voorgekom dat kandidate meer as een boksie gemerk het, of al vier boksies ongemerk gelaat het.

Alhoewel sommige kandidate die korrekte antwoord gehoor het, kon hulle nie altyd die woord in die korrekte vorm waarin hulle dit gehoor het, neerskryf by **Oefening 3** en **Oefening 4** nie. Dit het dikwels veroorsaak dat die betekenis van die woord of die hele sin verander is, bv. 'hulle skool daar is vol' i.p.v. die korrekte antwoord 'hulle skooldae is vol'.

By **Oefening 3** en **Oefening 4** moet kandidate moet herinner en aangemoedig word om bondige antwoorde in Afrikaans te verskaf. Enige woorde/sinne in 'n ander taal word geïgnoreer. Verder vind verskeie kandidate die gebruik van die persoonlike en besitlike voornaamwoorde hy, sy en haar steeds verwarrend. Die korrekte voornaamwoorde moet konsekwent gebruik word, anders kan punte nie toegeken word nie.

## Kommentaar op spesifieke vrae

### Oefening 1: Vrae 1 – 6

Hier is geluister na 'n praatjie oor die gebruik van selfone. Hierdie eerste oefening is gewoonlik makliker hanteerbaar vir kandidate aangesien hulle nie self woorde hoef neer te skryf nie. Hoewel daar slegs twee moontlike antwoorde was waaruit gekies moes word, moes kandidate tog baie noukeurig luister om korrek te antwoord.

**Vraag 1** is goed hanteer en antwoorde was meestal korrek.

**Vraag 2** was meer uitdagend. Hierdie is 'n goeie voorbeeld van die belangrikheid van fyn luister, aangesien selfoongebruikers volgens die studie dikwels beserings opdoen wanneer hulle op hul fone tik terwyl hulle loop, nie – soos dit in die stelling gestaan het – praat terwyl hulle loop nie.

**Vrae 3** tot **5** is ook bevredigend hanteer. Dit is wel die moeite werd om te noem dat heelwat kandidate nie uit die teks kon aflei nie dat Dr. Van Wyk geen begrip vir mense het wat lees terwyl hulle loop nie (**Vraag 4**).


© 2021

**Oefening 2: Vrae 7 – 11**

Die vrae in hierdie oefening is uitstekend hanteer deur die meeste kandidate. Kandidate het **Vraag 9** oor die algemeen effens uitdagender gevind as die ander vrae en hulle moes mooi luister om die korrekte antwoord te vind.

**Oefening 3: Vrae 12 – 18**

Aangesien kandidate hier die antwoorde op vrae moet neerskryf, speel skryfvermoë en spelling 'n belangrike rol.

**Vraag 12** is gewoonlik korrek beantwoord as 'motiveer', alhoewel dit nie altyd korrek gespel is nie. Waar die verkeerde spelling die betekenis vertroebel het, is die punt nie toegeken nie.

Soos reeds eerder genoem het kandidate by **Vraag 13** soms verkeerdelik 'hulle skool daar is vol' i.p.v. 'hulle skool dae is vol' geskryf.

By **Vraag 14** is 'uitdaag' soms as 'uitdag' geskryf en dus verkeerd gemerk. **Vraag 15** was egter beter hanteer.

Spelling was weer 'n uitdaging by **Vraag 16** en 'waardeer' is soms verkeerd geskryf. Geen punte kon toegeken aan antwoorde waarin dit as 'waardeur' gespel is want dit het die betekenis van die hele sin verander en onduidelik gemaak.

**Vrae 17** en **18** is deur die meeste kandidate uitstekend hanteer.

**Oefening 4: Vrae 19 – 24**

Die vrae in hierdie oefening is komplekser as in die vorige oefening en kan deurgaans dus nie in een of twee woorde beantwoord word nie. Sommige inligting moet ook uit die teks afgelei word.

By **Vraag 19** was dit belangrik dat kandidate noem dat Wilson fokus op sy eie musiek en nie op musiek oor die algemeen nie.

**Vraag 20** moes volledig beantwoord word met: 'Sy verhouding met 'n meisie'. Slegs ''n verhouding' was te vaag vir die beskikbare punt.

**Vraag 21** is deur die meeste kandidate bevredigend hanteer. Hulle moes altwee die woorde 'hoop' en 'moed' in hulle antwoord noem. Sommige kandidate het 'moet' i.p.v. 'moed' geskryf. Dit is verkeerd gemerk, omdat dit die betekenis van die woord en die res van die antwoord verander en onduidelik gemaak het.

By **vraag 22** was dit belangrik dat daar genoem word watter skool nie kitaarlesse aangebied het nie. Kandidate se antwoorde moes lees: 'Sy hoërskool het dit nie aangebied nie' of 'Hy het die laerskool verlaat en die volgende skool/nuwe skool het dit nie aangebied nie'. Baie kandidate het hier die punt verloor omdat hulle antwoorde nie duidelik genoeg in hierdie opsig was nie.

**Vraag 23** was voldoende beantwoord. Voornaamwoorde was wel 'n probleem by sommige antwoorde. Voorbeelde van sulke antwoorde was: 'Sy het Wilson geleer om sy stem sterker te maak', 'Riaan het Wilson geleer om hom/haar stem sterker te maak'.

**Vraag 24**: Kandidate wat goeie begrip van die teks getoon het, kon wel die woord 'veelsydig' in die konteks van die luisterteks verstaan en noem dat Wilson se musiek veelsydig is as gevolg van al die verskillende musiekstyle wat hy gebruik.

**Vraag 25** is ook meestal goed hanteer. Sommige antwoorde soos: 'Hy het twee titels gewen' (i.p.v. 'hy het twee Suid-Afrikaanse/nasionale titels gewen' was egter te vaag.

By **vraag 26** moes kandidate fyn luister om onderskeid te tref tussen die relevante informasie en die afleiers in die teks. Dit was ook belangrik dat kandidate moes sê dat Wilson sy eie klerereeks wil begin en nie dat hy sy eie klere wil maak nie.


© 2021

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

**Paper 0548/05**
**Oral**

There were too few candidates for a meaningful report to be produced.



© 2021